SOLIDARITEIT
SOLIDARITY

BEPALINGS EN VOORWAARDES VERBONDE AAN SOLIDARITEIT LIDMAATSKAP

1. Inleiding

1.1. Alle lede van Solidariteit is gebonde en onderworpe aan die geheel van die bepalings van Solidariteit se Grondwet.

1.2. ’n Afskrif van Solidariteit se Grondwet is op aanvraag beskikbaar aan ‘n lid / lede.

1.3. Lede van Solidariteit verklaar dat hulle bewus is van die toepaslike inhoudelike van alle geldende en toepaslike wetsbepalings wat betrekking het op die verhouding tussen ’n lid en vakbond en in besonder dat die Wet op Arbeidsverhoudinge, Nr 66 van 1995 (soos gewysig) en artikel 97(2) onder andere bepaal dat die feit dat ’n persoon ’n lid is van ’n geregistreerde vakbond nie daardie persoon aanspreeklik maak vir enige van die verpligtinge of laste van die vakbond nie.

1.4. Aansoeke om lidmaatskap sal oorweeg en hanteer word ingevolge die toepaslike bepalings van Solidariteit se Grondwet. Lidmaatskap sal aan ’n lid toegestaan word, ná oorweging van ’n lid se volledige lidmaatskapaansoek.

1.5. Lidmaatskap word op die volgende maniere aanvaar:

1.5.1. Volledig voltooide en ondertekende aansoekvorms;

1.5.2. Aansoeke by wyse van stemopnames;

1.5.3. Aansoeke by wyse van internet aansluitings; en

1.5.4. Enige vorm van aansoek soos van tyd tot tyd deur die Hoofraad bepaal.

1.6. Enige lid het volgens die Verbruikerswet (vyf) 5 dae om lidmaatskap te kanselleer sonder dat hulle vir enige kostes aanspreeklik sal wees.

2. Volwaardige Lede

2.1. ’n Aansoeker word ’n Volwaardige lid van Solidariteit as sy aansoek aanvaar word en een (1) maand se ledegeld ontvang is. ’n Lid bly ’n volwaardige lid solank as wat lidmaatskapgelde opbetaal is of totdat lidmaatskap ingevolge die grondwet of reëls van Solidariteit beëindig word.

2.2. Dit bly elke lid se verantwoordelikheid om toe te sien dat hulle lidmaatskapgelde ten alle tye volopbetaal bly.

2.3. Alle lede moet volopbetaal wees ten tye van aansoek om enige voordeel of bystand vanaf die vakbond.

2.4. Solidariteit bied, onderhewig aan Solidariteit se bepalings en voorwaardes, die volgende voordele aan volwaardige lede:

2.4.1 arbeidsregtelike advies en bystand;

2.4.2 advies en bystand betreffende beroepsgesondheid en beroepsveiligheid, insluitend beroepsbeserings en -siektes;

2.4.3. begrafnisvoordeel (vir lede wat kwalifiseer);

2.4.4. bevallingsvoordeel (vir lede wat kwalifiseer); en

2.4.5. ’n permanente mediese ongeskiktheidsvoordeel.

3. Arbeidsregtelike advies en bystand

3.1 Individuele lede kan arbeidsregtelike advies en bystand by die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA), 'n bedingingsraad of in die arbeidshof versoek. Die versoek sal deur die betrokke afdelingshoof oorweeg word. Individuele lede is egter in die volgende gevalle nie geregtig op arbeidsregtelike bystand nie:

3.1.1. indien daar na die oordeel van Solidariteit nie genoegsame meriete is nie;

3.1.2. indien die lid se eisoorsaak ontstaan het voor aansluiting by Solidariteit;

3.1.3. indien die eisoorsaak ontstaan binne die eerste drie maande van lidmaatskap;

3.1.4. indien die lid self 'n dispuut verwys het;

3.1.5. indien die lid ten tye van aansoek om bystand nie 'n volopbetaalde lid is nie;

3.1.6. in die geval van 3.1.1 – 3.1.5 is die individuele lid slegs geregtig op arbeidsregtelike advies;

3.1.7. geen aansoeker of individuele lid mag ledegeld vooruit of terugwerkend betaal, met die uitsluitlike doel om bystand van die vakbond te verkry nie;

3.1.8. indien 'n individuele lid nie vir die volle tydperk wat die dispuut onafgehandel is 'n volopbetaalde lid bly nie;

3.1.9. indien 'n individuele lid nie 'n mandaat voltooi en onderteken nie.

3.2 Kollektiewe lede kan arbeidsregtelike advies en bystand by die werksplek, die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA), 'n bedingingsraad of in die arbeidshof versoek. Die versoek sal deur die betrokke Bedryfshoof oorweeg word. Kollektiewe lede is egter in die volgende gevalle nie geregtig op arbeidsregtelike bystand nie:

3.2.1. indien daar na die oordeel van Solidariteit nie genoegsame meriete is nie;

3.2.2. indien die lid se eisoorsaak ontstaan het voor aansluiting by Solidariteit;

3.2.3. indien die lid self 'n dispuut verwys het;

3.2.4. indien die lid ten tye van die aansoek om bystand nie 'n volopbetaalde lid is nie;

3.2.5. in die geval van 3.2.1 – 3.2.4 is die kollektiewe lid slegs geregtig op arbeidsregtelike advies;

3.2.6. geen aansoeker of kollektiewe lid mag ledegeld vooruit of terugwerkend betaal met die uitsluitlike doel om bystand van die vakbond te verkry nie;

3.2.7. indien 'n kollektiewe lid nie vir die volle tydperk wat die dispuut onafgehandel is 'n volopbetaalde lid bly nie;

3.2.8. indien 'n kollektiewe lid nie 'n mandaat voltooi en onderteken nie.

3.3. Waar Solidariteit as bedingingsagent erkenning geniet, is die kollektiewe lid wat aanvaar word en van 'n ander vakbond af kom, onmiddellik geregtig op bystand met dien verstande dat waar so 'n kollektiewe lid by aanvaarding van lidmaatskap reeds in litigasie of 'n geskil van welke aard ook al betrokke is, die voordele van lidmaatskap deur die Bedryfshoof na goeddunke beperk kan word.

3.4. 'n Aansoeker wat lid van 'n ander geregistreerde vakbond is, word as 'n kollektiewe lid van die vakbond toegelaat maar kwalifiseer nie om binne een (1) jaar van lidmaatskap as ampsdraer op die Vakbond se rade te dien nie, tensy die Hoofraad anders besluit, of tensy die vakbond met een of meer ander vakbonde amalgameer. In laasgenoemde geval sal oorgangmaatreëls, soos in die grondwet bepaal word, geld.

4. Verteenwoordiging van lede in eksterne forums

4.1. Dit word spesifiek gestel dat lede wat kwalifiseer, tydens eksterne dispuutbeslegting slegs verteenwoordig mag word deur ’n persoon wat uitdruklik deur Solidariteit aangewys word.

4.2. Solidariteit sal een of meer van die volgende persone aanwys om ’n lid tydens eksterne dispuutbeslegting te verteenwoordig:

4.2.1. Voltydse verteenwoordiger(s) wat ingevolge Solidariteit se Grondwet verkies is,

4.2.2. Deeltydse verteenwoordigers wat ingevolge Solidariteit se Grondwet verkies is en skriftelike instruksie vanaf ’n Bedryfshoof ontvang om ’n lid in ’n spesifieke dispuut te verteenwoordig,

4.2.3. Werknemer(s) in diens gestel van Solidariteit met die doel om lede by eksterne dispuutbeslegting te verteenwoordig,

4.2.4. Regsverteenwoordiger(s) wat op die uitsluitlike diskresie van ’n Solidariteit hoof instruksies ontvang.

4.3. Indien ’n lid nie vir verteenwoordiging kwalifiseer nie of nie van die aangewysde persoon gebruik wil maak nie kan die lid ’n verteenwoordiger van eie keuse aanstel op voorwaarde dat so ’n verteenwoordiger nie enige werknemer, deeltydse of voltydse solidariteit verteenwoordiger is nie en dat die dispuut nie onder die vaandel van Solidariteit gevoer word nie en dat Solidariteit nie aanspreeklik is vir enige koste of kostebevel wat uit die dispuut voortspruit nie.

5. **Bystand betreffende beroepsbeserings, beroepsgesondheid en beroepsveiligheid**

5.1 Volwaardige lede kan bystand betreffende beroepsgesondheid en beroepsveiligheid, insluitend beroepsbeserings en -siektes versoek. Die versoek sal deur die betrokke

afdelingshoof oorweeg word. Volwaardige lede is egter in die volgende gevalle nie geregtig op bystand nie:

5.1.1. indien daar na die oordeel van Solidariteit nie genoegsame meriete is nie;

5.1.2. indien die lid se eisoorsaak verband hou met 'n besering, ongeluk of ernstige siekte wat voorgekom het voordat die persoon as 'n lid van die vakbond aanvaar is;

5.1.3. indien die eisoorsaak verband hou met 'n besering, ongeluk of ernstige siekte wat voorgekom het binne die eerste drie maande van lidmaatskap;

5.1.4. indien die lid ten tye van aansoek om bystand nie 'n volopbetaalde lid is nie;

5.1.5. in die geval van 5.1.1 – 5.1.4 is die lid slegs geregtig op advies;

5.1.6. geen aansoeker of lid mag ledegeld vooruit of terugwerkend betaal met die uitsluitlike doel om bystand van die vakbond te verkry nie;

5.1.7. indien 'n lid nie vir die volle tydperk wat die dispuut onafgehandel is 'n volopbetaalde lid bly nie;

5.1.8. indien 'n lid nie 'n mandaat voltooi en onderteken nie.

6. **Begrafnisvoordeel**

6.1 Volwaardige lede of volwaardige lede se genomineerde gades en/of afhanklike kinders kan die begrafnisvoordele versoek.

6.2. Volwaardige lede of volwaardige lede se genomineerde gades en/of afhanklike kinders is egter in die volgende gevalle nie op die begrafnisvoordeel geregtig nie:

6.2.1. indien 'n volwaardige lid of die volwaardige lid se afhanklike(s) ten tye van aansoek om lidmaatskap van Solidariteit reeds die ouderdom van 50 jaar bereik het (nie van toepassing op kollektiewe lede nie);

6.2.2. indien die lid nie die dienste van Solidariteit se erkende diensverskaffer(s) gebruik nie. Indien die lid nie van Solidariteit se erkende diensverskaffer(s) gebruik maak nie, sal 'n minimale bedrag wel betaal word, mits die nodige bewyse, soos van tyd tot tyd deur die Hoofraad bepaal word, voorgelê word;

6.2.3. indien die lid nie volopbetaalde lidmaatskap-status geniet nie;

6.2.4. geen aansoeker of individuele lid mag ledegeld vooruit of terugwerkend betaal, met die uitsluitlike doel om die begrafnisvoordeel van die vakbond te verkry nie;

6.2.5. indien die volwaardige lid of die volwaardige lid se afhanklike(s) as gevolg van selfmoord te sterwe kom, is daar 'n uitsluiting van ses(6) maande vanaf datum van aansluiting;

6.2.6. indien 'n sterfte-eis nie binne ses (6) maande ná afsterwe van lid aangemeld word nie.

6.3. Persone wat vir die doeleindes van 'n voordeel wat die vakbond bied as afhanklikes kwalifiseer, sluit afhanklike kinders in wat uit hoofde van die lid se verbintenis met sy genomineerde gade gebore is.

6.4. Vir doeleindes van bepaling of die begrafnisvoordeel 'n lid en/of genomineerde gade en/of afhanklike kinder(s) toeval, word die datum van ontvangs van eerste lidmaatskap gelde, as die effektiewe datum geag;

6.5. Voortsettingslede kwalifiseer vir alle toepaslike voordele verbonde aan

Solidariteit Hoofkantoor | Solidarity Head Office
T: 012 644 4300 | C: 0861 25 24 23 | E: diens@solidariteit.co.za
H.v. DF Malanrylaan en Eendrachtstaat, Kloofsig | Cnr DF Malan and Eendracht Streets, Kloofsig

Solidariteit-lidmaatskap insluitende die begrafnisvoordeel;

6.6. Vir die doeleindes van bepaling of volopbetaalde status betreffende lidmaatskap-gelde erken word, word alleenlik ondersoek ingestel na die vraag of ’n lid se betaalbare lidmaatskapgelde op datum van afsterwe van ’n lid en/of dié se genomineerde gade en/of afhanklike(s) ten volle betaal is;

6.7. ’n Afhanklike kind/kinders kwalifiseer alleenlik vir die begrafnisvoordeel voor bereiking
van die ouderdom van 21 jaar.

6.8. Gestremde kinders wat ten volle afhanklik van sy/haar ouers is, sal dekking geniet ongeag die ouderdom.

6.9. Studente wat voltyds studeer en wat afhanklik is van hul ouers sal kwalifiseer as afhanklike kinders tot voor die bereiking van 25 jarige ouderdom.

6.10. Die begrafnisvoordeel dek slegs twee suksesvolle eise vir afhanklike kinders. Na die tweede suksesvolle eis is die voordeel ten opsigte van afhanklike kinders uitgeput.

6.11. Met betrekking tot die kontantvoordeel verbonde aan die begrafnisvoordele van lidmaatskap:

6.11.1. by afsterwe van ’n lid wie se ledegeld ten volle betaal is, word die kontantbedrag aan die genomineerde gade of indien geen sodanige gade in lewe is op die relevante tydstip nie en/of indien geen gade genomineer is nie, aan die afhanklike(s) se wettige voog en/of kurator betaal.

6.11.2. by afsterwe van ’n lid wie se ledegeld ten volle betaal is, word die kontantbedrag

aan die genomineerde gade of indien geen sodanige gade in lewe is op die relevante tydstip nie en/of indien geen gade genomineer is nie aan die afhanklike(s) se wettige voog en/of kurator betaal.

6.11.3. by afsterwe van 'n lid wie se ledegeld ten volle betaal is en daar geen genomineerde gade en/of afhanklike kinders is nie, kan die kontantbedrag aan die ondernemer uitbetaal word(indien daar nog uitstaande gelde is) of kan die kontantbedrag aan die lid se boedel uitbetaal word.

7. **Bevallingsvoordeel**

7.1. Volwaardige (vroulike) lede kan die bevallingsvoordeel versoek. Volwaardige (vroulike)lede is egter in die volgende gevalle nie op die bevallingsvoordeel geregtig nie:

7.1.1. indien die volwaardige lid nie 12 maande se opbetaalde lidmaatskap geniet nie;

7.1.2. indien 'n bevallingseis nie binne ses maande vanaf die geboorte ingedien word nie;

7.1.3. geen aansoeker of individuele lid mag ledegeld vooruit of terugwerkend betaal, met die uitsluitlike doel om die bevallingsvoordeel van die vakbond te verkry nie.

8. **Permanente Mediese Ongeskiktheidsvoordeel**

8.1 Volwaardige lede kan aansoek doen om die permanente mediese ongeskiktheidsvoordeel. Volwaardige lede is egter in die volgende gevalle nie geregtig op die permanente mediese ongeskiktheidsvoordeel nie:

8.1.1. indien die volwaardige lid nie 12 maande se opbetaalde lidmaatskap geniet nie;

8.1.2. indien die volwaardige lid nie die eis binne ses maande vanaf die permanente mediese ongeskiktheidsbevinding indien nie;

8.1.3. indien die volwaardige lid nie permanent medies ongeskik verklaar word vir die algehele arbeidsmark nie;

8.1.4. geen aansoeker of individuele lid mag ledegeld vooruit of terugwerkend betaal met die uitsluitlike doel om die permanente mediese ongeskiktheidsvoordeel van die vakbond te verkry nie.

8.1.5. Geen lid wat Permanent Medies Ongeskik bevind is en suksesvol was met hulle aansoek om die Permanent Medies Ongeskiktheidsvoordeel, mag weer arbeidsregtelike advies vanaf die vakbond ontvang nie. (Mag ons wetlik gesproke hierdie vereistes instel?)

9. Vorme van betaalmetodes binne Solidariteit is ~~as~~ soos volg:

9.1. Lid wat per aftrekorder deur die betaalrol van die maatskappy soos bepaal deur die Wet op Arbeidsverhoudinge (No. 66 van 1995) betaal;

9.2. Lid wat per debietorder betaal deur die vereiste Bank regulasies van Suid-Afrika;

9.3. ’n Lid wat kontant of ooreenkomstig ’n bedingingsraadstelsel betaal.

10. Binne hierdie drie betaalmetodes bestaan daar vier tipes lidmaatskap in Solidariteit, naamlik:

10.1. Aftrekorder lid by ’n aftrekorder-maatskappy;

10.2. Debietorder-lid wat individueel of binne ‘n aftrekorder-maatskappy kan val;

10.3. voortsettingslede wat na afsterwe van eggenoot/eggenote voortgaan met hooflid se lidmaatskap;

10.4. ondersteuningslede wat slegs die beginsels van die Vakbond ondersteun.

11. Lidmaatskap:

11.1. **Kollektiewe lede**

11.1.1. Kollektiewe lidmaatskap is van toepassing op alle lede wat binne ‘n maatskappy werk waar daar sekere of alle organisatoriese en kollektiewe regte bestaan soos bepaal deur Wet 66 van 1995, Wet op Arbeidsverhoudinge.

11.2. **Voortsettinglede**

11.2.1. Die doel van voortgesette lidmaatskap is om lede toe te laat om vir die basiese begrafnisvoordele wat op volwaardige lede van toepassing is, te kwalifiseer.

11.2.2. Hierdie lede sal nie geregtig wees om te stem of tot ’n amp in die vakbond verkiesbaar te wees nie.

11.2.3. Vir die doeleindes van die wet word die getal voortsettingslede nie geag deel te wees van die vakbond se ledetal nie.

11.3. **Erelede**

11.3.1. Die Nasionale Raad kan iemand as ’n Erelid benoem uit erkenning vir waardevolle en/of uitmuntende diens of bystand aan die Vakbond, met dien verstande dat daar op geen tydstip meer as sewe (7) Erelede sal wees nie.

11.3.2. Erelidmaatskap kan te eniger tyd deur die Nasionale Raad opgeskort word as twee-derdes (⅔) van die Nasionale Raad ten gunste daarvan stem.

11.3.3. ’n Erelid is geregtig op dieselfde regte as volwaardige lede maar is nie stemgeregtig of verkiesbaar vir ’n amp in die Vakbond nie, anders as ’n verteenwoordiger van voorgesette lede.

11.4. **Ondersteuningslede**

11.4.1. Hierdie kategorie van lidmaatskap het betrekking op persone wat die visie van die Vakbond ondersteun, maar nie vir een van die ander kategorieë van lidmaatskap kwalifiseer nie. Daar sal twee kategorieë van ondersteuningslede bestaan, naamlik:

11.4.1.1. Kategorie 1: Individuele lede wat by aansluiting ouer as 50 jaar is, sal as ondersteuningslede kwalifiseer. Hierdie ondersteuningslede geniet sekere voordele, met die uitsondering van voordele van kollektiewe bedinging, permanente ongeskiktheid, bevallingsvoordele en sterftevoordele.

11.4.1.2. Kategorie 2: Individuele lede wat die visie en projekte van die Vakbond ondersteun en ’n maandelikse finansiële bydrae van ten minste R50-00 (vyftig rand alleen) per maand bydra tot ’n fonds, soos deur die Hoofraad goedgekeur. Hierdie kategorie van ondersteuningslede kwalifiseer slegs vir voordele van die instellings van die Solidariteit Beweging, insluitende studiehulp, beurse en

afslagvoordele; onderhewig aan die bepalings en voorwaardes van sodanige voordeel.

11.4.2. Ondersteuningslede is nie stemgeregtig of tot 'n amp in die Vakbond verkiesbaar nie.

11.5. **Individuele lede**

11.5.1. Individuele lede is lede wat by aansluiting jonger as 50 jaar is en by 'n werkgewer werk waar daar nie 'n erkenningsooreenkoms bestaan nie en wat nie deur Solidariteit as kollektief beskou word nie. 'n Individuele lid wat na aansluiting 50 jaar oud word, bly 'n individuele lid. Individuele lede kwalifiseer vir alle voordele.

11.6. **Verminderde premie lede**

11.6.1. Hierdie lede was per spesiale goedkeuring toegelaat. Lede moes voor Oktober 2005 hiervoor aansoek gedoen het;

11.6.2. Hierdie lidmaatskap word nie meer op die stelsel gelaai nie.

12. Beëindiging van lidmaatskap

12.1. 'n Persoon se lidmaatskap word beëindig en hy hou op om op die voordele van lidmaatskap geregtig te wees insluitende, die reg om te stem -

12.1.1. indien lidmaatskapsgeld of ander gelde wat hy aan die Vakbond verskuldig is vir meer as drie (3) maande agterstallig is;

12.1.2. indien die lid deur skriftelike kennisgewing bedank;

12.1.3. indien die lid se lidmaatskap onthef word.

12.2. ’n Lid wie se lidmaatskap om die redes hierbo genoem gestaak is, is weer op die voordele van lidmaatskap van die Vakbond geregtig indien -

12.2.1. die Hoofraad daartoe instem; en

12.2.2. die lid agterstallige ledegeld vereffen; of

12.2.3. die lid se appèl by die Hoofraadsvergadering teen beëindiging van lidmaatskap slaag.

12.2.4. In die geval van 12.2.1 en 12.2.2 geld die bepalings van 3.1, 3.2, 3.3, 5, 6, 7 en 8.

12.3. Enige lid kan lidmaatskap kanselleer op die volgende manier:

12.3.1. Deur Solidariteit skriftelik in kennis te stel om lidmaatskap te kanselleer;(tesame met hierdie kansellasie geld ’n wag periode van 30 dae. Gedurende hierdie tydperk bly die lid nog verantwoordelik vir betrokke maand se ledegelde.)

13. Algemeen

13.1. Waar ‘n voordeel voorsien en/of verskaf en/of gelewer en/of toegepas word deur een of meer as een filiaalmaatskappy(e) van Solidariteit vestig daar geen aanspreeklikheid deur en tussen Solidariteit: teenoor ‘n lid / lede / spesifiek genomineerde gade / afhanklike(s) nie en sal die toepaslike filiaalmaatskappy(e) van Solidariteit die aanspreeklike regspersoon(e) wees vir alle doeleindes in sover dit voorsiening en/of verskaffing en/of aanbieding en/of vestiging van ‘n voordeel(e) voortspruitend vanuit lidmaatskap aanbetref.

13.2. ‘n Lid en dié se spesifiek genomineerde gade en afhanklike(s) is alleenlik ná een maand se volopbetaalde lidmaatskap (waar een maand verwys na ‘n volledige kalendermaand) geregtig op enige voordele verbonde aan lidmaatskap, onderworpe

aan die toepaslike kategorie van lidmaatskap van ‘n lid / lede en gade en afhanklike(s) en die spesifieke reëls van die voordele. Enige uitsondering(s) op pasvermelde bepaling word vervat in en gereguleer deur die inhoud van Solidariteit se Grondwet of die Bepalings en Voorwaardes hierin uiteengesit. Afhanklikes wat wel kwalifiseer onder die hooflid se lidmaatskap is slegs gades en direkte afhanklikes (kinders tot voor hulle 21ste verjaardag, aangenome kinders tot selfde ouderdom, afhanklike kinders wat nog studeer tot net voor hul 25ste verjaardag en gestremde kinders wat totaal en al afhanklik is van die ouers se sorg.

13.3. Enige voordeel voortspruitend vanuit Solidariteit-lidmaatskap, hetsy dit ‘n lid en/of genomineerde gade en/of afhanklike(s) toeval, mag te enige tyd deur Solidariteit, by wyse van die meerderheidsbesluit van Solidariteit se Nasionale Raad, gewysig, geskrap, toegevoeg en/of verander word, het die lid en/of die se genomineerde gade en/of afhanklikes geen eis vir nakoming van die voordele nie of geen eis vir skadevergoeding nie.

13.4. Indien enige voordeel(e) waarop ‘n lid en/of dié se genomineerde gade en/of die se afhanklike(s) geregtig mag word voortspruitend vanuit Solidariteit lidmaatskap en wat deur ‘n diensverskaffer anders as Solidariteit gelewer word sal afhanklik en onderworpe wees aan die bepalings en voorwaardes wat kontraktueel tussen Solidariteit en die diensverskaffer vervat is.

13.5. Alle geldige eise op voordele waarvoor die lid, die genomineerde gade en of afhanklikes kwalifiseer moet volgens die heersende prosedure binne ses (6) maande vanaf die ontstaan van die eisoorsaak, deur die lid of gemagtigde geëis word. Enige

sodanige voordeel sal verbeur word indien ‘n eis nie binne ses (6) maande, vanaf die ontstaan van die eisoorsaak, by die Vakbond ingedien word nie.

13.6. Elke lid en genomineerde gade en afhanklike(s) onderneem om te hou by en/of te voldoen aan die bepalings van Solidariteit se Grondwet en die bepalings en voorwaardes verbonde aan lidmaatskap en enige reël en/of reëls verbonde aan lidmaatskap soos van tyd tot tyd uiteengesit en onderneem ‘n lid om die maandelikse (en/of pro rata maandelikse) lidmaatskapgeld, soos toepaslik, aan Solidariteit te betaal.

13.7. ‘n Lid en/of die se genomineerde gade en/of afhanklike(s), soos gespesifiseer, is alleenlik geregtig op voordele verbonde aan lidmaatskap deur die betrokke diensverskaffer(s) met wie Solidariteit en/of die toepaslike filiaal-maatskappy van Solidariteit op daardie tydstip ‘n ooreenkoms het en nie van ‘n diensverskaffer(s) van die keuse van ‘n lid en/of gade en/of afhanklike(s) nie.

13.8. Enige toegewing en/of afstanddoening en/of aanvaarding van optrede strydig met die bepalings en voorwaardes hierin vervat sal nie dien as en/of geag word te wees ‘n afstanddoening en/of vermindering deur Solidariteit en/of enige van die toepaslike filiaalmaatskappye van Solidariteit, van enige regte en/of voorregte en/of belange wat Solidariteit en/of sodanige filiaalmaatskappy(e) oor mag beskik uit hoofde van die inhoudelike van hierdie bepalings en voorwaardes nie. Die aansoeker en sy spesifiek genomineerde gade asook enige afhanklike(s) is te alle relevante tye verplig om volledig en behoorlik ingevolge hierdie bepalings en voorwaardes te presteer.